**21 MEI** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 28:1-9**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 28:1-5**

## Die Here is ons verlossing

Het jy al gesmeek dat God nie moet stilbly nie? Het jy al die Onse Vader opreg gebid en gevra dat Sy Naam geheilig moet word? Dat al die motorkapers, verkragters, plaasmoordenaars en losbandige goddeloses se planne misluk en hulle dwaasheid vir die hele wêreld duidelik sal word? Sodoende sal God ook mos terselfdertyd sigbaar word vir almal… Sy stem sal gehoor word. Mense sal kan sien dat die gelowiges beskerm word terwyl die wat Hom nie ken nie, misluk en gestraf word!

Christus en sy apostels, gedrewe deur die Heilige Gees, leer ons egter dat ons Vader die ganse skepping onderhou en regeer. Hy versorg alles en almal. So laat hy die son opkom en giet Hy dieselfde reën uit ook oor die wat God nie ken nie. Beteken dit nou dat ons almal oor dieselfde kam geskeer word? Nee glad nie!

Terwyl God sy finale oordeel oor die goddelose bêre vir die dag wat Hy bestem het, weet ons intussen dat ons sy geliefdes is (Romeine 8:31/32). Ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie (1 Johannes 4:17). Daarby gebruik Hy selfs die goddelose se suksesse tot ons beswil (Romeine 8:28). Ja ons het sy belofte dat Hy vir ons sal sorg (Matteus 6:24-34). Daarom kan Dawid ook die Psalm afsluit met ‘n lofprysing want die Here is ‘n veilige beskutting vir sy gesalfdes! Dankie Here dat U ons sterkte en beskermer is, dat ons op U kan vertrou en dat U ons help.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 4 en 6* *Ds Nico Grönum (Wierdapark)*